

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
VRYSTAATSE AFDELING, BLOEMFONTEIN

Saak Nr. : 3971/2014

In die saak tussen:-

FRESHVEST INVESTMENTS (PTY) LTD

Applikant

en

MARABENG (PTY) LTD

Respondent

CORAM: JORDAAN, R

UITSPRAAK DEUR: JORDAAN, R

AANGEHOOR OP: 17, 18 EN 19 JUNIE 2015

GELEWER OP: 30 JULY 2015

- [1] Applikant het aansoek gedoen vir die likwidasie van respondent maatskappy. Die aansoek was deur die respondent geopponeer en opponerende verklarings geliasseer. Uiteindelik is die aansoek as 'n bestrede aansoek aangehoor deur my broeder Lekale op 4 Desember 2014 en het hy 'n uitspraak gelewer op 12 Desember 2014.
- [2] Dit blyk dat die wesenlike geskilpunt was die betwisting van die eise waarop die applikant gesteun het vir sy *locus standi* om die aansoek te bring. Die applikant se eis was gebaseer op drie finansieringsooreenkomste wat onder andere

bestaan uit batre finansieringsooreenkomste gesluit onderskeidelik die 11de Mei 2012, die 11de September 2012 en 'n produksie finansierings fasiliteitsooreenkoms gedateer 12 September 2012. Hierdie ooreenkomste was almal onderteken deur die respondent se enigste direkteur ene Johannes Frederick Naude (junior) as verteenwoordiger van die respondent. Die enigste aandeelhouer vir die respondent was die Kesagole Trust.

- [3] Soos reeds gemeld was die enigste wesenlike vraagstuk die ontkenning van aanspreeklikheid deur die respondent van die gevorderde bedrae en was die vernaamste vraag voor my broeder Lekale of die ontkenning van aanspreeklikheid deur die respondent op *bona fide* en redelike gronde gebaseer is.

- [4] In sy uitspraak het my broeder Lekale tereg bevind dat likwidasië prosedures nie gepas is in gevalle waar 'n betwiste vordering as basis vir likwidasië verrigtinge dien nie. Hy het verder tereg bevind dat die respondent wat die vordering betwis slegs hoef aan te toon dat dit betwis word op *bona fide* en redelike gronde. Dit is derhalwe nie nodig vir 'n respondent om die hof te oortuig dat hy 'n geldige verweer het nie maar bloot dat sy ontkenning van aanspreeklikheid op *bona fide* en redelike gronde berus sodat 'n applikant 'n dagvaarding kan uitreik vir verhaling van die betwiste vordering. Uiteindelik het my geleerde kollega bevind as volg:

"I am, therefore, persuaded by common cause facts in the present matter that the respondent disputes the debt on *bona fide* and reasonable grounds."

- [5] Die laasgenoemde bevinding moes, soos my kollega tereg bevind het, die einde van die saak beteken het maar het hy bevind dat:

"In the light of the need for speedy finalisation of a matter of the present nature, the nature and extend of the dispute involved as well as the fact that the dispute was not foreseeable on the part of the applicant, I am convinced that the parties are correct, in their alternative submissions, that the correct course to follow is for the issue concerning the respondent's liability to the applicant to be referred to oral evidence. In my judgment the rule in **Badenhorst** (*supra*) is not applicable because there exists nothing before me to suggest and it is, further, not the respondent's case that the applicant launched the instant application in order to pressurise the respondent to pay the debt it was disputing."

- [6] Die hof gelas uiteindelik dat die dispuut met betrekking tot die verskuldigheid van die respondent vir die aanhoor van mondelinge getuienis verwys word en formuleer die dispuut as volg:

"The issue to be determined at such a hearing is whether or not the respondent is indebted to applicant on the basis of asset finance facility agreement dated 11 May 2012, asset finance facility agreement dated 11 September 2012 and production finance facility agreement dated 12 September 2012 all signed by the respondent's then sole director."

Daar is ook in die bevel voorsiening gemaak vir die liassering van beëdigde verklarings van beoogde getuies, supoena van getuies en blootlegging. Daar is gelas dat die koste, koste in die aansoek sal wees.

- [7] As gevolg van die feit dat slegs die enkele vraag vir die aanhoor van mondelinge getuienis verwys is en weens die feit dat my broeder Lekale nie beskikbaar was vir die aanhoor van die mondelinge getuienis op die datums waarvoor dit geplaas is nie, aangesien hy op rondgaande hof was, is die saak aan my toegewys vir aanhoring. Weens die feit dat slegs 'n enkele aspek van die hele aansoek verwys is vir mondelike getuienis was ek *prima facie* van oordeel dat die saak inderdaad deelsverhoor is en nie sondermeer deur my aangehoor kan of behoort te word nie. Om daardie rede het ek die plaaslike prokureurs van die partye ingeroep en bevestiging by hulle versoek dat die aspek omtrent die verskuldigheid die enigste aspek is waaroor beslis moet word en dat dit ook bepalend sal wees vir die uitslag van die aansoek, hetsy 'n likwidasie of afwysing van die aansoek. Beide het aangedui dat dit hulle indruk is dat dit die enigste uitstaande vraag is en dat dit bepalend sal wees vir die uitslag van die aansoek en dat daar nie ander aspekte is wat reeds geargumenteer is en wat deur my beslis moet word nie. Op daardie basis het ek voortgegaan om die aansoek aan te hoor en by aanvang van die aansoek het nie een van die advokate wat namens die partye optree enigsins aangedui dat daar ander aspekte is wat beslis moet word nie.

- [8] By aanvang van die verrigtinge het Me Buikman namens die applikant aangevoer dat die respondent die plig het om met getuienis te begin aangesien die dokumentêre getuienis bestaande uit die getekende finansieringsooreenkomste *prima facie* aandui dat daar 'n wetlike verskuldigheid is en die respondent derhalwe moet aantoon dat sy ontkenning van aanspreeklikheid *bona fide* is en op redelike gronde berus. Ek het dan ook gelas dat die respondent met die aanbod van getuienis moet begin.
- [9] Dit dien vermeld te word dat die bewoording van die bevel wat die geskilpunt vir mondelike getuienis verwys die indruk skep dat hierdie hof 'n finale bevinding moes maak omtrent die verskuldigheid van die respondent deur óf te bevind dat daar geen verskuldigheid is nie óf te bevind dat daar inderdaad 'n geldige verskuldigheid en geldige eis ten gunste van die applikant is. Om daardie rede het Mnr Greyling namens die respondent uiteindelik ook betoog dat hierdie hof as 'n finale bevinding moet bevind dat die respondent geen gelde verskuldig is aan die applikant nie. Me Buikman namens die applikant het egter, myns insiens tereg, aangevoer dat die aansoek steeds 'n likwidasie aansoek is en die hof nie geroepe is om 'n finale bevinding oor die verskuldigheid te maak nie maar bloot geroepe is om te bevind of die applikant 'n *prima facie* saak en derhalwe 'n *prima facie* geldige eis teen die respondent het, of andersom gestel, of die respondent se betwisting van die eis *bona fide* en op redelike gronde berus.

- [10] Myns insiens bly die aansoek een vir 'n likwidasie en kan dit nie hanteer word op die basis asof dit 'n eis vir betaling is en 'n finale bevinding ten opsigte van die aanspreeklikheid van die respondent gemaak moet word nie. Dit is derhalwe op daardie basis wat ek die aansoek hanteer. Die ironie van die aangeleentheid is egter dat my broeder reeds bevind het dat die ontkenning van die skuld op *bona fide* en redelike gronde berus. Ek aanvaar egter vir doeleindes hiervan dat dit obiter geskied het, andersins sou dit nie nodig wees om die dispuut vir mondelinge getuienis te verwys nie, en ek daarom opnuut dieselfde vraag behoort te beslis.
- [11] Uit die stukke blyk dit dat, nadat die likwidasiaansoek beteken is, die aandeelhouers van die respondent naamlik die trustees van die Kesagole Trust 'n vergadering belê het, dat Mnr Naude Jnr. die destydse enigste direkteur van die respondent bedank het as direkteur en dat Mnr Francois Jacobus Rossouw, een van die trustees van die trust aangestel is as enigste direkteur vir die respondent. Mnr Rossouw was dan ook die enigste getuie vir die respondent tydens die aanhoor van getuienis. Tydens die argument na aanhoor van die getuienis het Me Buikman namens die applikant argumenteer dat die formele prosedures met betrekking tot die aanstelling van Rossouw en in besonder die resoluë om die aansoek te opponeer namens die respondent nie prosedureel in orde is nie en in effek, die respondent nie behoorlik voor die hof is nie sodat die

aansoek inderwaarheid 'n ongeopponeerde aansoek is. Ek kom later daarna terug.

[12] Soos reeds gemeld het die respondent begin met die aanbod van getuienis en was Mnr Rossouw die enigste getuie vir die respondent. Sy getuienis het hoofsaaklik bestaan uit die voorlees van e-pos korrespondensie tussen die respondent en die applikant en ene Mnr Tait wat opgetree het namens Naude Jnr. in die aanvanklike soeke na finansiering. Rossouw was duidelik nie 'n party tot die korrespondensie nie en nadat ek die relevansie van sy getuienis in daardie opsig bevraagteken het, het die partye ooreengekom dat e-posse wat in die bundel bewysstukke wat ingehandig is voorkom, aanvaar kan word as dit wat dit voorgee om te wees maar dat slegs die inhoud van e-posse namens die applikant geskryf as korrek aanvaar word en nie e-posse wat ontvang is deur die applikant of deur iemand anders geskryf is nie. Aangesien die inhoud van geen van die e-posse werklik in geskil was nie, draai daar nie veel om hierdie aspek nie.

[13] Mnr Rossouw het ook getuig dat die aandeelhouders van die respondent naamlik die trustees van die voormelde trust geen kennis gedra het van hierdie aansoeke om finansiering nie, dit nooit goedgekeur het nie en dat daar in besonder geen spesiale resoluë geneem is ten einde die finansiering goed te keur nie. Laasgenoemde klaarblyklik met die oog op die bepalings van artikel 45 van die Maatskappye Wet, Nr. 71 van 2008 met betrekking tot finansiële bystand aan 'n

direkteur van 'n maatskappy, een van die vernaamste gronde waarop die vordering betwis word deur die respondent. Die respondent se saak is deurgaans gebaseer op die argument dat die betrokke finansiering bedoel was as finansiering aan Naude Jnr. persoonlik en nie as finansiering aan die respondent maatskappy nie.

- [14] Mnr Rossouw namens die respondent het as getuie 'n goeie indruk op die hof gemaak alhoewel, soos reeds gemeld, 'n groot deel van sy getuienis werklik uit die voorlees van korrespondensie bestaan het waartoe hy nie 'n party is nie en inderdaad waardeloos is. Die enigste waarde van sy getuienis is die feit dat hy getuig dat Naude Jnr., die destydse enigste direkteur van die respondent, vir eie rekening privaat geboer het op gehuurde grond en dat die maatskappy self geen boerdery bedryf het nie maar inderdaad die betrokke plaas eiendom grootliks uitverhuur het aan 'n sekere Mnr Viljoen, terwyl 'n deel van die weiding op die plaas aan Naude Snr. toegekom het en nie verhuur was nie. Sy getuienis is derhalwe daarop gerig om aan te toon dat die bate finansieringsooreenkomste vir Naude Jnr. persoonlik bedoel was aangesien dit laasgenoemde was wat boerdery bedryf het en die implemente ensovoorts daarvoor benodig het asook die produksie fasiliteit wat by applikant bekom is, terwyl die respondent as sulks geen boerdery bedryf het nie, geen bate finansiering benodig het nie en ook geen produksie fasiliteite benodig het nie.

- [15] Namens die applikant het slegs Mnr Pieter van As le Roux synde die besturende direkteur van die applikant getuig. Ook hy het volledig na die onderskeie korrespondensie wisseling en dokumentêre getuienis wat in die bewysstukke vervat is in sy getuienis verwys. Hy was ook die persoon wat namens die applikant opgetree het in die ontvangs van die finansieringsaansoek, die onderhandelinge met betrekking daartoe en die finalisering van die onderskeie ooreenkomste.
- [16] In wese kom Mnr Le Roux se getuienis daarop neer dat die applikant as beginsel-beleid hoegenaamd nie belangstel in finansiering van individue nie. Die enigste entiteite waarvoor die applikant finansiering verskaf is regspersone of trusts waarvan daar meer as drie trustees bestaan. Om daardie rede sou finansiering aan Naude Jnr. in persoon nooit oorweeg word nie en was dit uit die staanspoor die bedoeling om finansiering aan die respondent te verskaf wat op sy beurt weer finansiering aan Naude sou verskaf.
- [17] Volgens die objektiewe getuienis bestaande uit hoofsaaklik e-posse en aanhangsels daartoe het die hele verhaal begin deur 'n e-pos gestuur deur Mnr Tait op 19 Maart 2012 aan die getuie Le Roux wat as volg lui:

“'n Kliënt van my is op soek na finansiering om trekkers te koop. Die bedrag is R4 800 000,00 vir 'n tydperk van 26 maande. Volgens inligting het hy die trekkers nodig om uitvoering te gee aan 'n 5-jaar landboukontrak wat aan hom toegeken is. Kan u dalk help met die verkryging van die finansiering, indien ja, watter inligting moet ek aan u verskaf.”

Op die volgende dag die 20st Maart rig Mnr Tait weer 'n epos aan Le Roux wat verwys na die onderwerp "Lening JH Naude". Aangeheg was sekere inligting wat ook in die bewysstukke voorkom en wat bestaan uit 'n afskrif van 'n dokument getiteld "Business Plan for a proposed 5-year partnership between the Department of Rural Development and Land Reform farmers/land owners and Mr Johan Naude." Dit was duidelik 'n ooreenkoms met Naude persoonlik en nie met die respondent nie. Voorts was daar aangeheg sekere kontantvloei state van Naude in sy persoon.

- [18] Op 22 Maart rig Mnr Le Roux 'n skrywe aan Mnr Tait waarin die volgende vermeld word:

"Ek kan vir jou bevestig dat ons wel 'n belangstelling het vir die voorgestelde transaksie en sal dus in meer detail daarna wil kyk."

Dit dien vermeld te word dat, tot daardie stadium, dit duidelik was dat die applikant vir die finansiering 'n privaat persoon naamlik J H Naude was en word dit ook so aangetoon in die laasgenoemde epos vanaf Le Roux. Eers in hierdie epos word melding gemaak daarvan dat die applikant slegs finansiering verskaf aan maatskappye, beslote korporasies of trusts met meer as drie trustees. Daar word dan ook 'n lys aangetoon van inligting wat verlang word wat onder andere insluit die brief van aanvaarding vanaf die "Department of Rural Development and Land Reform" en ander inligting.

- [19] Sonder om in onnodige detail in te gaan blyk dit dat die groot meerderheid van inligting wat aan die applikant deurgestuur

is betrekking gehad het op Mnr Naude Jnr. persoonlik, sy finansiële posisie en sy beplanning met betrekking tot die aankoop van implemente.

- [20] Dit blyk onder andere uit die e-posse dat Mnr le Roux op 27 Maart besonderhede aanvra van die eiendom of plaas wat deur Mnr Naude aangebied word as verband. Ook word 'n werksooreenkoms tussen Naude persoonlik en Spalding Trust, met betrekking tot boerdery bedrywighede, verskaf en versoek Mnr Le Roux ook besonderhede met betrekking tot die Spalding Trust ooreenkoms en 'n brief van die bank met betrekking daartoe. Op 29 Maart stuur Le Roux weer 'n epos wat verwys na die aansoek vir finansiering vir trekkers en implemente en meld dat daar 'n moontlikheid bestaan vir produksie finansiering vir toekomstige oeste van ongeveer R7 miljoen.
- [21] Uiteindelik is 'n ontmoeting en vergadering tussen Naude en Le Roux gereël waartydens die finansiering bespreek is. Volgens Le Roux se getuienis was hy op daardie stadium bewus daarvan dat die respondent inderwaarheid nie boerdery bedrywighede bedryf nie maar dat dit deur Naude in persoon bedryf word. Onder andere word op die 11de April 2012 'n onderneming deur Nu Pro Commodities aan applikant verskaf met die onderneming om oesopbrengste by Naude te koop en sessie daarvan aan die applikant te gee.
- [22] Uit al die getuienis blyk dit duidelik dat, op die stadium toe die onderskeie ooreenkomste gesluit is, Mnr Le Roux

namens die applikant bewus was daarvan dat die respondent self nie boerdery bedrywighede bedryf nie, dat Naude Jnr. in persoon boerdery bedrywighede bedryf en onder andere ooreenkomste gesluit het soos hierintevore na vermeld vir welke doel die trekkers, implemente en produksie finansiering benodig word. Tydens die vergadering tussen Le Roux en Naude te Clarens is onder andere die akte van oprigting van respondent aan Le Roux oorhandig, waarvolgens dit blyk dat die doel van die maatskappy was om 'n koopkontrak wat reeds aangegaan is ten opsigte van die betrokke plaaseiendom, wat die eiendom van die maatskappy geword het, te koop sowel as om sake te doen in landbou en veeteelt en in alle vertakkinge van boerdery in die algemeen. Onder andere is daarin voorsiening gemaak om vir doeleindes van die maatskappy handelsvoorraad-bedryfsuitrusting ensovoorts te bekom, om eiendom te verkoop, verhuur te verbind ensovoorts en om geld te leen of te verkry, asook om geld aan enige persoon of maatskappy te leen wat, in besonder, met die respondent handel.

- [23] Die feit dat die trekkers en toerusting op naam van Naude persoonlik aangekoop is word deur Le Roux verduidelik as synde die feit dat Naude en nie respondent nie 'n BTW geregistreerde was en dit die voordeel sou inhoud dat BTW teruggeëis kon word. Daar is egter ooreengekom dat die aangekoopte bates deur respondent verseker sou word op sterkte van Naude se onderneming om die bates later aan die maatskappy oor te dra. Onder andere word later in Naude se persoonlike finansiële state aangedui dat hy 'n

bedrag van ongeveer R9,5 miljoen aan die respondent verskuldig is. 'n Dienooreenkomstige inskrywing word egter nie in die respondent se finansiële state gevind nie.

- [24] Op die getuienis as geheel dui dit oorweldigend daarop dat alle beskikbare finansiering wat deur applikant beskikbaar gestel is aangewend is vir die aankoop van landbou-toerusting en implemente deur Naude persoonlik, finansiering van produksiekoste aangegaan deur Naude in sy persoonlike boerdery en dat geen van sodanige fondse ten behoeve van die maatskappy of enige bedrywighede van die maatskappy, te wete die respondent, aangewend is nie. Mnr Le Roux se verduideliking dat dit as sulks geskied het op sterkte van die voorneme van Naude om die bates en boerdery bedrywighede een of ander tyd aan die maatskappy oor te dra is moeilik te verstane. Die applikant was klaarblyklik nougeset om seker te maak dat alle formele vereistes in plek is en daar behoorlik geboekstaaf word wat die reëlins tussen die partye is. Tog word daar geen formele onderneming deur Naude vereis om die bates of boerderybedrywighede of inkomste daarvan aan die maatskappy oor te dra binne 'n sekere tyd of enigsins nie. Onder andere stuur Mnr Le Roux op die 30ste Mei 2012 'n e-pos aan Mnr Tait waarin die volgende onder andere vermeld word:

“Ek is van mening dat hierdie 'n groot hupstoot vir Johan sal wees.”

- [25] Soos reeds vermeld, dui die getuienis as geheel oorweldigend daarop dat die bedoeling deurgaans was om

finansiering aan Naude in sy persoonlike boerderybedrywighede te voorsien. Die maatskappy, dit wil sê respondent, is betrek op grond van die applikant se beleid om nie aan individue geld te leen nie en tweedens om die plaaseiendom van die maatskappy beskikbaar te stel vir doeleindes van 'n verbandlening as sekuriteit. Mnr Le Roux namens die applikant was deurentyd ten volle bewus hiervan. Hy het as getuie in elk geval nie 'n goeie indruk gemaak nie. Die optrede, ten einde finansiering aan Naude te verskaf, was teenstrydig met sy getuienis dat finansiering nie aan individue verskaf word nie (by voorbeeld deur belangstelling in die transaksie bekend te maak reeds voordat die bestaan van die maatskappy bekend was) en is direk teenstrydig met Le Roux se getuienis dat daar hoegenaamd nie belanggestel word in besigheid met individue nie. Mnr Le Roux het bykans geen vraag direk beantwoord nie en elke vraag met 'n beredeneerde lang antwoord ontmoet. Hy is tereg deur 'n Mnr Greyling namens die respondent as 'n berekende getuie bestempel.

- [26] Die vraag ontstaan of, in die lig van die voorgaande, die wyse waarop die transaksie ingekleur was lei tot die nietigheid daarvan al dan nie en wat, indien enige, die invloed op die geldigheid van die ooreenkomste tussen die applikant en die respondent met betrekking daartoe was. Namens applikant is geargumenteer dat artikel 45 nie van toepassing is met betrekking tot die ooreenkoms waarby die applikant 'n party is nie en slegs betrekking het op interne ooreenkomste tussen 'n maatskappy en direkteure vir die

voorsiening van finansiering. Ook is aangevoer dat deel van die maatskappy se akte van oprigtings-doelstellings is om geld uit te leen. In die lig daarvan word gesteun op artikel 45(1)(b)(i), wat die uitleen van geld in die gewone loop van sake van 'n maatskappy, wie se hoofdoel van besigheid die uitleen van geld is, uitsluit. Wat laasgenoemde betref is ek oortuig daarvan dat die hoofdoel van besigheid van die respondent hoegenaamd die uitleen van geld is nie maar inderdaad die bedryf van boerdery aktiwiteite en gepaargaande besigheid. Sekerlik is die respondent nie 'n geregistreerde kredietverskaffer soos deur die wet vereis nie. Subartikel 6 van artikel 45 bepaal dat 'n ooreenkom met betrekking tot die voorsiening van finansiële bystand tot 'n direkteur nietig is insoverre dit strydig is met die betrokke artikel.

- [27] Namens applikant is geargumenteer dat nietigheid, soos bedoel in die betrokke subartikel, nie kan slaan op 'n derde party wat geld aan 'n maatskappy beskikbaar stel en deur die maatskappy weer aan 'n direkteur beskikbaar gestel word nie. Ek stem saam dat 'n sterk argument uitgemaak kan word dat die wetgewer nooit kon bedoel om 'n leningsooreenkoms tussen 'n *bona fide* derde party en 'n maatskappy nietig te verklaar indien die *bona fide* derde party onbewus was van die feit dat die geld bekom word vir doeleindes van 'n lening aan 'n direkteur strydig met die bepalings van artikel 45 nie. In die onderhawige omstandighede was dit egter duidelik dat die applikant te alle tye bewus was daarvan dat die doel van die lening was om

geld aan Naude in sy persoonlike hoedanigheid as enigste direkteur van die maatskappy beskikbaar te stel. Nie alleen het dit nie net betrekking gehad op 'n deel van die geld wat aan die maatskappy voorgeskiet is nie maar inderdaad op die totaliteit van die bedrag wat sodanig deur applikant aan die maatskappy geleen en voorgeskiet is.

[28] Dit was voorts namens applikant geargumenteer dat die applikant kon aanvaar dat alle interne voorvereistes nagekom is vir doeleindes van die transaksie tussen die maatskappy en Naude as direkteur en derhalwe ook kon aanvaar dat die voorskrif van 'n spesiale resoluëie van aandeelhouers soos vervat in subartikel 3 van artikel 45 inderdaad aan voldoen is. Daar is ook geargumenteer dat die bekende Turquand-reël tot redding van die applikant in die onderhawig omstandighede kom.

[29] Namens respondent is met steun op die uitspraak in die beslissing van **Stand 242 Hendrik Potgieter Road Ruimsig (Pty) Ltd v Göbel NO** 2011 (5) SA 1 (SCA), betoog dat dit die toepassing van die Turquant-reël uitskakel en ook tot effek het dat die voorskrifte van artikel 45 met betrekking tot 'n spesiale resoluëie van aandeelhouers iets meer daarstel as 'n interne bestuurshandeling. Daar is argumenteer dat die bedoeling van artikel 45 duidelik die beskerming van aandeelhouers is en dat, net soos in die beslissing waarna so pas verwys is, die Turquant-reël nie gebruik kan word om die bepalinge van die artikel te omseil nie.

[30] Weens die aard van die aansoek is dit nie vir my nodig om te beslis of die nietigheidsbepalings soos vervat in artikel 45 van die Wet hierintevore na verwys inderdaad ook sover strek as om 'n derde party in die posisie van die applikant in die onderhawige geval te dek nie. Ek is wel tevrede dat daar 'n voldoende sterk argument uitgemaak kan word dat dit wel transaksies van hierdie aard, waar die derde party bewustelik deelneem aan 'n skema om finansiering deur die maatskappy aan 'n direkteur beskikbaar te stel, in stryd met die bepalinge van artikel 45, met nietigheid bekleed. Dit, tesame met die oorweldigende aanduiding dat die ware bedoeling van die partye deurentyd was om finansiering aan Naude in sy persoon beskikbaar te stel en nie aan die maatskappy nie en dat die maatskappy lenings gesimuleerde ooreenkomste was, stel myns insiens voldoende gronde daar om te bevind dat die respondent se ontkenning van aanspreeklikheid teenoor die applikant *bona fide* en op redelike gronde berus.

Na die aanhoor van getuienis en oorweging van al die beskikbare getuienis is ek derhalwe nie anders oortuig as wat my broeder Lekale was tydens die aanvanklike argumentering van die aansoek nie.

[31] Dit is nodig om met een ander aspek te handel en dit is die argument namens die applikant tot die effek dat die respondent nie behoorlik voor die hof is nie en nie deur 'n behoorlike resoluë gemagtig is om die aansoek te opponeer nie. Met verwysing na die betrokke resoluës is,

soos vantevore vermeld, geargumenteer dat die aansoek inderdaad nie behoorlik deur die respondent opponeer word nie en beskou moet word as 'n ongeopponeerde aansoek.

- [32] Hierdie is presies die tipe van probleem wat ek voorsien het alvorens ek die aansoek aangehoor het en die rede waarom ek uitsluitel wou kry omtrent die omvang van geskilpunte wat bereg staan te word. Wat meer is, indien die respondent nie behoorlik voor die hof is nie dan is die aansoek in wese onbestrede. Dit is ondenkbaar dat my broeder Lekale 'n onbestrede aansoek sou verwys vir die aanhoor van mondelinge getuienis en voorts sou gelas dat die respondent ook gemagtig word om getuies te dagvaar en getuienis aan te bied. Mnr Greyling namens die respondent het aangevoer dat die betrokke punt uitdruklik tydens die argumentering van die aansoek voor my broeder Lekale abandoneer is. Dit is deur Me Buikman ontken. Hierdie tipe van punt is by uitstek 'n punt wat aanvanklik geargumenteer moes word en 'n bevinding oor verkry moes word, aangesien dit die verwysing vir die aanhoor van getuienis totaal onnodig sou maak indien in die guns van die applikant beslis. Wat meer is, by die aanvang van die verrigtinge voor my is geen woord gerep oor die betrokke punt nie en het ek aanvaar dat, na aanleiding van my gesprek met die prokureurs, daar geen ander geskilpunte was as die vraag of die eis op *bona fide* en redelike gronde betwis word nie. Boonop het Me Buikman by die aanvang van die verrigtinge argumenteer dat die respondent moet begin met die aanbied van getuienis; dieselfde respondent as wie sy in argument aanvoer, nie

behoorlik voor die hof is nie en na regte nie aangehoor behoort te word nie.

- [33] Die laas vermelde argument namens die applikant is niks anders as 'n laat opportunistiese poging om op tegniese gronde 'n bevinding in applikant se guns te verkry sonder dat die respondent hoegenaamd daarop voorberei was.

In elk geval het die huidige enigste direkteur van die respondent as getuie in die saak getuig en het ek geen twyfel dat die respondent behoorlik voor die hof is en die aansoek op geen wyse as onbestrede benader kan word nie.

In die lig van die voormelde omstandighede is ek nie bereid om enige bevinding tot nadeel van die respondent op laasvermelde grond te maak nie.

- [34] In konklusie is ek van mening dat die betwisting van aanspreeklikheid teenoor die applikant deur die respondent *bona fide* is en op redelike gronde gebaseer is. In die lig daarvan kan 'n aansoek om likwidasië nie slaag nie.

- [35] Bygevolg word die aansoek afgewys met koste.

Namens die applikant: Adv. L. Buikman SC
In opdrag van:
McIntyre & Van der Post
BLOEMFONTEIN

Namens die respondente: Adv. P. J. Greyling
In opdrag van:
Schoeman Maree Ing.
BLOEMFONTEIN

/eb